**Skriflesing: Handelinge 2 vers 41-47**
**Tema: Die Heilige Gees werk 'n splinternuwe verhouding met God, Bybel en Gebed**

Dit het algaande al swaarder gegaan met die Christelike gemeente van Handelinge 2. Gelowiges kom onder al meer druk van hulle eie mense. Die Jode het hulle leer as Godslasterlik beskou en het op hulle leierskorps toegesak met verhore en vervolgings. Uiteindelik is hulle uit die tempel verban. Die Romeinse owerheid was aanvanklik versigtig vir hulle. Geleidelik is die skroewe egter teen hierdie sekte wat teen keiserverering is en 'n al groter wordende politieke risiko is, vasgedraai.

Die eerste gemeente het bestaan uit gelowiges wat hoofsaaklik arm mense sonder hoë aansien of politieke invloed was. Hulle het geen kerkgeboue gehad nie. Baie van hulle leiers was ongeletterd. Tog groei die kerk te midde van vervolging. Terwyl hulle vir die uitstorting van die Heilige Gees wag, lees ons van ongeveer 120 gelowiges wat in die bo-vertrek saamgebid het. Na die uitstorting van die Heilige Gees kom 3 000 mense tot bekering. In Handelinge 4 lees ons van 5 000 gelowiges. So groei die kerk oor die volgende 300 jaar teen 40% elke 10 jaar totdat die kerk ongeveer 33 miljoen uit 'n totale bevolking van 56 miljoen tel.
Hoe gebeur dit? Die Heilige Gees word uitgestort en werk kragtig. Die Heilige Gees werk nuwe verhoudings met God, sy Woord en gebed.

**1. Die Heilige Gees werk 'n splinternuwe nuwe verhouding met God.**
Ons lees in Romeine 8:15: "Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. "

"Abba" is 'n Aramese woord waarmee 'n jong Joodse kind sy of haar vader in liefde aangespreek het. Jesus noem sy hemelse Vader "Abba". Daarin is iets van die vertroulikheid en warmte van die woord "pappa". Indien ek 'n Geesvervulde lewe leef, is Hy nie meer die groot man of die man daarbo nie. Hy is "Abba". In kinderlike afhanklikheid en innigheid praat ek saam met Jesus met God as my Pappa.
Baie mense sukkel vandag met God se Vaderbeeld omdat hulle aardse pa's afwesig was, hulle mishandel het of aan iets verslaaf was.
Maar God is 'n Pa soos die pa van die verlore seun in Lukas 15. Hy verlang na sy seun. Hy sit en staar na die pad. Hy wag dat sy seun moet terugkom. En as sy seun terugkom, maak dit nie saak wat sy seun aangevang het nie. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom. Hy luister nie eens na sy seun se verskonings nie. Hy gee opdrag dat daar fees gehou moet word, want sy verlore seun het huistoe gekom.
Altyd kan ek my hemelse Pa laat voorloop. Ek kan met Hom praat oor alles. Ons kan saam lag en huil. Of ek soet is of stout, ek bly sy kind. Ek leef in 'n intieme verhouding met Hom.
En ek ken my Pa se wil vir my uit sy Woord.

**2. Die Heilige Gees werk 'n splinternuwe verhouding met die Bybel.**
In Johannes 16:13-14 sê Jesus: "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.

Die Heilige Gees het nie Sy eie planne en idees nie. Die Gees maak op 'n paar maniere, maar in besonder uit die Bybel God se wil aan ons bekend.

In Handelinge 2vers 42 lees ons dat die Geesvervulde gemeente hulle heelhartig toegelê het op die leer van die apostels. Daarom was hulle nie verward nie. Hulle was bekend as mense van die weg. Die kern van hulle belydens was soos volg: "Jesus van Nasaret is gekruisig. Hy is deur God opgewek uit die dood. Hy word as verhoogde Here en beloofde Messias aanbid. Kortliks: God het hierdie Jesus Here en Christus gemaak."

Ons is beter af as die eerste gemeente. Ons het die volledige Bybel in ons taal en die meeste van ons besit baie Bybels, maar gebruik ons dit? Calvyn het baie jare gelede al gewaarsku: "Bybelmoegheid en Bybelverduistering lei altyd tot Godsverduistering en selfverduistering." In 'n verwarde wêreld kom ons maak opnuut, onder leiding van die Heilige Gees, 'n punt daarvan om daagliks ons Bybels oop te maak sodat God vir ons kan vorm en maak tot Sy eer.

Nog 'n waarheid is dat baie mense vandag nie meer Bybel lees nie. Ons is die enigste Bybels wat hul lees. Die Gees in ons maak van ons Bybels van God se liefde, vrede en vreugde.

**Ons sien in die laaste plek dat die Heilige Gees ook 'n splinternuwe verhouding met gebed werk.**

In talle verse in Handelinge lees ons van die erns wat die vroegste gemeente met gebed gemaak het. In die aanloop tot die Pinksterfees (Handelinge 1 vers 14) het almal eensgesind volhard in gebed. In Handelinge 2 vers 42 lees ons dat hulle hul heelhartig toegelê het op gebed. Voor die vrylating van Petrus en Johannes in Handelinge 4 het hulle almal saam tot God gebid.

En hulle het nie opgehou bid nie. In Handelinge 12 word Petrus uit die tronk bevry. Hy is na die huis waar baie gelowiges saam was om te bid. Hulle het nie eers petisies geteken en optogte gehou na die Romeinse keiser toe nie. Hulle het gebid. Hulle het geweet waar hulle krag vandaan kom. Ek gaan nie vir jou vra of jy nog bid nie, maar wel of jy nog só met 'n verwagting en afwagting bid?

'n Wonderlike herlewing het meer as 150 jaar gelede in die NG Kerk begin. Dit het begin by Pinksterbidure. In 1840/1850 was die NG Kerk baie bekommerd oor die geestelike verval in Suid-Afrika. In 1852 was daar 'n ontwaking in Amerika. In 1858 het dit oorgespoel na Brittanje. In April 1860 het meer as 300 afgevaardigdes 'n konferensie oor herlewing op Worcester gehou. Die eerste groot geestelike ontwaking daarna was op Montagu. Mense het na bidure begin stroom en aparte bidure is meer as een keer per dag gehou vir mans, vroue, seuns en dogters. Party het uitgeroep: "Wat moet ek doen om gered te word?" In Worcester het baie mense, veral jonges, gelyktydig gebid, geween, uitgeroep en party het flou geword. Ds Andrew Murray het hulle verskeie kere vergeefs tot orde geroep. Groot herlewing onder leiding van die Heilige Gees het uitgebreek en uitgekring.

In die Paarl het Gideon Malherbe, 'n welgestelde besigheidsman en wingerdboer en skoonseun van die plaaslike dominee, ds van der Lingen, in 1861 by een van 'n aantal gebedsgroepies die idee geopper dat die verskeie biduurgroepe in die tien dae tussen Hemelvaart en Pinksterfees na die Bybelse voorbeeld verenig in gebed. 'n Beriggie is vooraf daaroor in die Kerkbode geplaas en op 9 Mei 1861 het die eerste Pinksterbidure in

die NG Kerk begin. Daar was ’n groot skare, maar ds Van der Lingen was nie daar nie, omdat hy onseker was of hulle reg optree. Gou was hy egter oortuig en al hoe meer mense het na bidure gestroom. Die Vrydagaand voor Pinkster het mense mekaar verdring. Baie kon geen sitplek kry nie. Skielik roep party om genade, ander kerm oor hul sonde, terwyl nog ander trane van dankbaarheid stort omdat hulle verlos is. Toe die diens verby was, wou byna niemand uit die kerkgebou weggaan nie.

Die tien dae tussen die Hemelvaart en Pinkster het die karakter verkry van ‘n tyd van afwagting dat die Gees die Kerk nuut maak en uitstuur. Pinksterbidure het in die NG Kerk-familie ‘n tyd van verdieping en herlewing geword. Hierdie herlewings was sterk sendinggerig. Soos God vir Jesus gestuur het, stuur Hy ons nou verder met die krag van sy Gees.

Hans von Staden het die volgende oor gebed gesê: “As ons werk, is dit net mensewerk, maar as ons bid, werk God, en as God werk, wie kan dit keer?” Ons sien hierdie waarheid in die herlewing wat die Heilige Gees werk wanneer mense met ‘n verwagting en afwagting bid.

**Sluit af**
Op baie plekke het die NG kerk ‘n tam moeë kerk geword wat net ingestel is op oorlewing.

Hoe kon die eerste klein, arm gemeente sonder politieke invloed of aansien so beduidend groei? Hulle Kragbron was van buite en hulle het dit geweet. In hulle was die Heilige Gees as die krag van God. Hulle het toegelaat dat die Heilige Gees hulle lei tot ‘n nuwe verhouding met God, die Bybel en gebed. Daarom het hulle gegroei!
**Amen**